

Resensie

***Breyvier: Over taal, burgerskap en Breytenbach* deur Yves T'Sjoen, Skribis, 2023**

Luan Staphorst

Yves T'Sjoen is sekerlik die bekendste en invloedrykste Nederlandstalige akademikus wat tans in (Suid-)Afrikaanse letterkunde werksaam is. Deur gereelde bydraes tot aanlynplatforms soos LitNet, Voertaal en Versindaba, betrokkenheid by die Samespraak-studiegroep en die publikasie van ewekniebeoordeelde navorsingsuitsette oor Afrikaanse skrywers (in die besonder in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*), het T'Sjoen hom lank reeds as 'n gerekende anderstalige stem in die Afrikaanstalige literatuurstudie ingeburger. Dit is dan gepas dat die bundel opstelle, *Breyvier*, wat saam met *Kwintet* (2023) en *Twee overzijden* (2024) 'n drieluik vorm, met vraagstukke rondom meertaligheid, burgerskap en transnasionale gemoeid is. Breyten Breytenbach, oor wie T'Sjoen elders reeds uitvoerig navorsing gedoen het (vergelyk T'Sjoen, 2014; Bourgeus en T'Sjoen, 2017; Seghers en T'Sjoen, 2017; Roux en T'Sjoen, 2019), vorm die spil waarrondom dié onderwerpe ondersoek word.

Die bundel beslaan twintig opstelle wat in drie afdelings verdeel is: "Marginalia", "Meertalig burgerskap" en "Omtrent Claus, De Coninck en Krog". Wat die leser onmiddellik opval is die aantal opstelle. Waar die gemiddelde akademiese monograaf tussen vyf en tien hoofstukke bevat wat 'n sentrale argument probeer voorhou, staan die twintig, redelik kort opstelle in die teken van 'n andersoortige akademiese teks. Dit word dan ook as 'n "werkschrift" in bemarkingsmateriaal beskryf – 'n term wat myns insiens die aard van die versameling goed opsom. Dié werkskriftelikheid hou veral verband met die klem van die opstelle wat in die eerste afdeling, "Marginalia", opgeneem is. Teen die agtergrond van verskeie navorsingsprojekte oor Breytenbach, waaronder die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsbundel *Woordenaar Woordnar* (Galloway, 2019) en die 'Om Afrika te verbeel'-projek wat T'Sjoen saam met Alwyn Roux onderneem, bevat die opstelle besinnings en bepeinsings oor die argivale Breytenbach: Breytenbach se tekstuele opname in argiefbewaarplekke, by name die Universiteit Stellenbosch se biblioteek en die Universiteit van die Witwatersrand se Historical Papers-versameling. Dit is wanneer die inhoud van dié opstelle langs

die vroeë publikasie daarvan op Voertaal krities beskou word, wat die waarde van *Breyvier* ontsluit kan word.

Eerstens, aangaande die inhoud. Die opstelle is, in die woorde van T'Sjoen, "korte aantekeninge en annotasies, gebaseerd op archivalish en heuristiesch onderzoek en verzamelde leesnotities" (10). Dit beliggaam die andersoortige akademiese teks waarna ek reeds verwys het deur middel van 'n wegbreek van die tradisionele navorsingsartikel met navorsingsvrae, 'n metodologiese uiteensetting en gevolgtrekking. Die klem in dié kort "leesnotities" is om nuwe vrae aan te wakker, aandag op onderontginde bronne te vestig en gevolglik die leser te prikkel, eerder as te oortuig van 'n bepaalde argument. Dit sluit nou aan by 'n ontluikende, eietydse en kritiese benadering tot wetenskapsbeoefening, sogenaamde stadige navorsing (*slow scholarship*) (vergelyk Bergland, 2018; Leibowitz en Bozalek, 2018). Stadige navorsing word teenoor haastige navorsing, as tekenend van die neoliberaler universiteitswese se benadering tot kennisproduksie, geposisioneer. Waar haastige navorsing byvoorbeeld 'n hoë publikasie-omset verafgod, plaas stadige navorsing 'n premie op die onafheid en onklarheid van kennis. Dit bevorder die langsame geprut van denke en uitsette, eerder as die oorkook van 'n pot waarvan die vleis nie genoegsaam gegeur is nie. En in die geval van Breytenbach se argivale voetspoor, bied T'Sjoen telkens vasttrapplek en wegwysers vir wáár Breytenbach gevind kan word in die argief en wát nog gevra kan word. Die uitdaging vir die Suid-Afrikaanse akademikus, waar universiteitsowerhede en befondsingsliggame slegs tradisionele uitsette beloon, beteken dat dié tipe navorsingsbenadering heel moontlik moeilik vatplek sal kry. Maar dat T'Sjoen 'n voorbeeld verskaf vir dié wat wel na 'n verandering van akademiese tongval smag, is ongetwyfeld waar.

Tweedens, aangaande die aard van die opstelle as herdrukke. 'n Kwellende vraag wat 'n vinnige deurblaai van die boek vir die eerste maal by my aangewakker het was: waarom? Waarom 'n bundel opstelle saamstel waarvan die oorgrote meerderheid gratis op aanlynplatforms besigtig kan word? Veral wanneer daardie opstelle nie, soos reeds genoem, oor die stempel van 'n herkenbare akademiese diskoers met oorkoepelende navorsingsvrae, ontleding en gevolgtrekking beskik nie? Dit is egter juis die gesprek wat tussen opstelle ontketen word – sonder die moontlikheid om vanweë die oorsien van 'n skakel ander inskrywings te mis – wat die argivale gesprek waaraan T'Sjoen deur middel van sy "Breytenbach-notities" deelneem, uitlig en meerstemmig tot samehang bring. Hier kan op die 'argivale wending' (vergelyk Derrida, 1995) wat in die geesteswetenskappe sedert die vroeë 1990's plaasgevind het, gelet word – 'n wending wat, op enkele uitsonderings na (vergelyk

Jansen, 2011 en Van Vuuren, 2011) nie die Afrikaanse literatuurwetenskap op dieselfde wyse beïnvloed het as wat dit ander tale en dissiplines omvorm het nie. T’Sjoen se besprekings, bevry van die beklemming van tradisionele akademiese diskoers, skep ’n ruimte waardeur die materialiteit van die argief en die tekste wat daarin bewaar word, uitgelig word, eerder as wat dit blote verwysings en voetnote vir ’n abstrakte argument vorm. Sodoende word die materialiteit van die bundel opstelle self belangrik, as fisiese getuigskrif van die arbeid wat met die omgaan met argiewe gepaardgaan. In dié opsig bied T’Sjoen eweneens ’n voorbeeld vir die literator wat in ’n benadering tot letterkundekritiek en -navorsing belangstel wat hulle afhanklikheid van suiwer (en telkens ingevoerde) teorie wil afskud.

My kritiek op die bundel hou verband met die inhoudelike keersy. Waar die eerste afdeling, wat omtrent die helfte van die boek beslaan, ’n eenheid vorm ten spyte van die uiteenlopende argiewe, tekste en onderwerpe wat aangesny word, weerspieël die opstelle in afdelings twee en drie minder van ’n gedeelde fokus. Die vraag wat herhaaldelik met die lees en herlees van die boek my bygeval het, is waarom die eerste afdeling nie as ’n afsonderlike versameling of by een van T’Sjoen se ander essaybundels, soos *Kwintet*, ingesluit is nie. Dis veral opvallend hoe Antjie Krog se denke en skryfwerk in die tweede en derde afdelings aan bod kom, maar vanweë die klem op Breytenbach in die titel (*Breyvier*), die subtitel (*Over taal, burgerschap en Breytenbach*) en deur die voorbladafbeelding (’n skildery deur Breytenbach) word haar posisie as onderwerp en gespreksgenoot – ten minste wat die uiterlike betref – op die marge geplaas. Hiermee probeer ek glad nie impliseer dat die Krog-opstelle van minder waarde as die Breytenbach-besprekings is nie. Inteendeel, ek dink juis die stimulerende aard daarvan word grootliks misken deur die bundel se uiterlike beklemtoning van Breytenbach. Die enigste noemenswaardige ankerpunt wat Krog en Breytenbach se oeuvres saamsnoer is opstel tien, “Van Claus tot Breytenbach en Krog: Voorstel voor een transnationale invloedenstudie”. En hoewel dit ’n prikkelende besinning verskaf, het dit my ongelukkig nie oortuig dat daar genoegsame eenheid aan die Breytenbach-Krog-fokus van die bundel as geheel is om die insluiting van opstelle oor beide figure te regverdig nie. Die gevaar is selfs dat Krog geles kan word as ‘vroulike aanvulling’ eerder as volwaardige gespreksgenoot.

Ten spyte van dié kritiek bly *Breyvier* ’n rigtinggewende teks wat beide inhoud en vorm betref. Deur ’n besonders leesbare benadering tot beide klassieke en eietydse vraagstukke, bied T’Sjoen vir die (Suid-)Afrikaanse en Nederlandse literator ’n boeiende blik op daardie vraagstukke in verhouding tot twee van Afrikaans se grootste skrywers. En ten spyte van die vele voor

die hand liggende uitdagings vir die Suid-Afrikaanse akademikus om dié benadering te volg, bied die bundel nietemin ’n bloudruk vir ’n andersoortige aanslag wat geïllustreerde literatuurkritiese skryfwerk uitdaag.

Nelson Mandela Universiteit en Lincoln College, Universiteit van Oxford

Bronnelys

- Bergland, B.** 2018. The incompatibility of neoliberal university structures and interdisciplinary knowledge: A feminist slow scholarship critique. *Educational Philosophy and Theory*, 50(11): 1031-1036.
- Bourgeois, C. en T’Sjoen, Y.** 2017. Breyten Breytenbachs poësie in Raster. *Tydskrif vir Letterkunde*, 54(2): 26-41.
- Derrida, J.** 1995. Archive fever: A Freudian impression. *Diacritics*, 25(2): 9-63.
- Galloway, F. (red.).** 2019. *Breyten Breytenbach. Woordenaar Woordnar: ’n Huldiging*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Jansen, E.** 2011. From Thandi the maid to Thandi the madam: Domestic workers in the archives of Afrikaans literature and a family photograph album. *South African Review of Sociology*, 42(2): 102-121.
- Leibowitz, B. en Bozalek, V.** 2018. Towards a slow scholarship of teaching and learning in the South. *Teaching in Higher Education*, 23(8): 981-994.
- Roux, A. en T’Sjoen, Y.** 2019. ’n Kartering van Breyten Breytenbach se betrokkenheid by die Gorée-instituut vir demokrasie, ontwikkeling en kultuur in Afrika (1987-2017). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 26(2): 30-50.
- Seghers, E. en T’Sjoen, Y.** 2017. Beeldvorming rond het werk van Breyten Breytenbach in het Vlaamse tijdschrift Revolver. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 24(2): 84-102.
- T’Sjoen, Y.** 2014. “[D]ie koue bewes”: Stilstand en beweging in de orfische ruimte van Breyten Breytenbachs gedicht “autobiotrophy.” *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 21(1): 61-70.
- T’Sjoen, Y.** 2023. *Kwintet: Literaire dialogen tussen Afrikaans en Nederlands*. Antwerpen: Woolf.
- T’Sjoen, Y.** 2024. *Twee overzijden: Kronieken en tweespraken*. Gent: Academia Press.
- Van Vuuren, H.** 2011. ’n Besinning oor die benadering tot ’n uitgestorwe kultuur: Die /Xam koloniale argief. *Stilet: Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 23(2): 157-166.